Psalm 2 : Julle moet die Here met ontsag dien

Refrein = TT Cloete 2001. Melodie: *Le fol maling en son coeur dit et croix* (Psalm 53) – Guillaume Franc, Lausanne 1565; melodies aangepas HPA Coetzee 1967

Refrein



Voorg: Waarom is daar onrus onder die volke, waarom smee die nasies planne –
en dit tevergeefs?
Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here
en teen sy gesalfde en sê: "Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af!"

Refrein: Wie by Hom skuil sal Hy gelukkig maak.

Voorg: Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle.
Hy spreek hulle aan in sy toorn, in sy gramskap jaag Hy hulle op loop:
" Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg."

Refrein: Wie by Hom skuil sal Hy gelukkig maak.

Voorg: Ek wil vertel wat die Here aangekondig het, Hy het vir my gesê:
"Jy is my seun, vandag het ek jou Vader geword.
Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting.
Jy sal hulle verpletter met jou ystersepter, hulle flenters slaan soos 'n kleipot."

Refrein: Wie by Hom skuil sal Hy gelukkig maak.

Voorg: Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde!
Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig
en Hom onderdanig wees,
sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie,
want sy toorn ontvlam gou.
Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek.

Refrein: Wie by Hom skuil sal Hy gelukkig maak.